ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

April 2020

# In gesprek met [21]: Duncan and Colleen Watson (109)



"Watson not WhatsApp"– science and schools!

Born in 1944 Duncan grew up in Bergville and matriculated at Kearsney College in Durban. Natal University followed, where he graduated with a BSc honours. Parallel but unknown, a Colleen (Dictionary: "young lass-Irish") was also growing up in Durban and was completing a teacher's diploma. Following a stint at Ixopo she returned to Durban and started teaching at Hunt Reed School for handicapped children.

Colleen Coulter met Duncan Watson, romance blossomed, and they were married in 1969. This was followed by Duncan taking up a science teaching post at George Campbell Tech from 1970 to 1985. From Durban to the Natal Midlands teaching at Newcastle High, HOD science, then Treverton College at Mooi River with Colleen teaching at the junior school.

From his varsity days Duncan (from Bergville!) had developed a passion for mountaineering and spent many years taking school groups up the Drakensberg.

Jo'burg called and he joined Roedean High School for Girls as HOD Science from 1996 until retirement in 2003. No sitting at home or on a mountain, but Bunsen burners at Parktown Girls High beckoned and kept him occupied for the next ten years until second retirement. This was followed by joining a company that did science outreach in rural schools in the Free State. Colleen, who had also taught at Roedean junior school, retired after ten years in 2008 and being diagnosed with Parkinson's.

They have 3 sons: John, business management in Pretoria, Benjamin, with Google in the UK and James, a business journalist in Switzerland and 2 grandsons and 5 granddaughters.

They moved to Eldoraigne after final, final, final retirement and celebrated their 50th wedding anniversary last December being also joined by their overseas sons.

Colleen indulges in her favourite pastime of reading while Duncan keeps busy (when not watering various neighbours' gardens) with research, not science, but history, especially bible history.

# Lewensleêr

Met die naderende ouderdom is daar heelwat administrasie wat mens self VOORAF in orde moet kry, vir wanneer dit onverwags benodig word. Skaf 'n lewensleêr aan en hou dit op datum. Plaas dit op 'n plek waar jou familie dit maklik sal kry. Kortliks behels dit alle persoonlike en finansiële dokumente, soos:

1. 'n Afskrif van jou ID en paspoort, asook die van jou gade en kinders. Maak seker dat iemand weet waar die oorspronklike is.

2. Huweliksertifikaat.

3. Afskrif van huweliksvoorwaardekontrak.

4. Egskeidingsbevel (indien jy geskei is) en skikkingsakte.

5. Sterftesertifikaat van jou eggenoot indien hy/sy reeds oorlede is.

6. Afskrif van jou testament (maak seker iemand weet waar die oorspronklike getekende kopie is).

7. Besonderhede van begrafnispolisse. Skryf ook 'n brief waarin jy duidelik uiteensit wat jou wense tov 'n begrafnisdiens is, of jy begrawe of veras wil word (=Living will).

8. Vuurwapenlisensie.

9. Inkomstebelastinginligting.

10. Vaste bates: Die titelakte van enige eiendom wat jy besit en besonderhede van versekering daarop. Kapitaalwinsbelastingopsomming.

11. Finansiele bates: Bankstaat van elke rekening wat jy het. Vervang dit elke jaar sodat die besonderhede op datum bly. Beleggings in pensioenfondse, effektetrusts, aandele, geldmarkfondse,ens.

12. Inligting oor harde bates: skilderye, juwele, versamelings, ens.

13. Besonderhede van lewenspolisse en ander polisse, en wie jou makelaar is.

14. Besonderhede van korttermynversekering op jou huisinhoud en voertuig.

15. Eienaarskapsertifikaat van jou voertuig.

16. Mediese-  en pensioenfonds besonderhede.

17. Skuld: Korttermyn: rekeninge, lenings. Langtermyn: huis en voertuie. Skuld jy aan iemand iets, en wie skuld aan jou..

18. Huurkontrakte en dispute. Hofsake.

19. Besigheidsinligting indien jy nog 'n besigheid bedryf.

20. Kontakbesonderhede van ouers, kinders, familie en vriende in geval van nood.

NA afsterwe, is daar ook heelwat administrasie wat jou naasbestaandes moet doen:

1. Die dood moet aangemeld word by die SAPD, ’n begrafnisonderneming  of Binnelandse sake.

2. Vorm BI-1663: ’n aanmelding van sterfkennis word dan uitgereik  vir voltooiing deur die persoon wat die sterfte aanmeld, ’n dokter, ’n amptenaar van Binnelandse sake, of ’n lid van die SAPD.

3. Vorm BI-1680: ’n Doodsverslag word dan uitgereik deur ’n SAPD-lid, genesers of begrafnisondernemers.

4. Vorm B-1663: ’n Verwyderingsbrief is nodig om die liggaam te vervoer, en kan eers uitgereik word nadat die doodsverslag voltooi is.

5. ’n Verkorte doodsertifikaat word dan deur Binnelandse sake uitgereik, nadat die vorms in 1 en 2 voltooi is.

6. Laat stempel die persoon se ID boekie om aan te toon dat hy/sy afgesterf het.

7. Vorm B-14: die Begrafnisbevel is nodig voordat die begrafnis gehou kan word.

8. Dit word aanbeveel dat ’n begrafnisonderneming hierdie administrasie verrig, terwyl die agtergeblewenes deur die rouproses gaan.

9. Die begrafniskostes kan teen die boedel ge-eis word, maar dis nie die taak van die eksekuteur om die begrafnisreelings te tref nie.

# Spekboomprojek

In die lig van die landswye spekboomprojekte het ek en Karel dit goedgedink dat ons hier by die Landgoed ook 'n bydrae tot hierdie projek kan lewer. Daar is reeds op verskeie plekke in die Landgoed meer as 200 spekboompies in die gemeenskaplike areas deur Fasiliteite aangeplant, en dit sal verder vermeerder word. Ons wil inwoners aanmoedig om spekbome in hulle tuine te plant, en ook familie en vriende by hierdie projek betrek.

Spekboom thickets are very effective at removing carbon dioxide from the atmosphere and thus a powerfull tool in the fight against climate change and the move towards a zero-carbon world.

Inwoners, neem asb deel aan hierdie projek–al kan ons nie in ons leeftyd ’n verskil maak nie, kan daar oor jare vorentoe wel ’n verskil gemaak word. Belangstellendes kan by my aanklop vir klein plantjies of verdere inligting.

Charlotte du Plooy (3190); Karel van Heerden (3196)

**Spekboom– ’n Wonderplant?**

- Volgens Prof Braam v Wyk, ’n plantkenner aan die Universiteit van Pretoria, bestaan die vetplant hoofsaaklik uit water, en die voordele daaraan verbonde sluit in dat dit ’n inheemse plant is wat bestand is teen droogte en min water gebruik, en natuurlike spekboomveld wat deur swak veldbestuur verniel is, herstel. Dit moet egter nie in fynbos-veld geplant word nie, omdat dit blykbaar skade aan die fynbos kan veroorsaak.
- Die plant kan meer as 4 ton koolstofdioksied per hektaar binne ’n jaar absorbeer
- Volgens Dr Tony Knowles, ’n kenner van klimaatsverandering, help dit wel op die lange duur om spekbome aan te plant. Hy reken dat as jy nou ’n boom plant en dit groei oor 20 jaar, sal dit sowat 2 ton weeg en die boom sal dan een ton koolstof bevat. Knowles sê egter dat een mens in ’n groot wêreldstad 4 tot 5 ton koolstofdioksied per jaar vrystel. Om jou eie koolstofvoetspoor te verminder, sal jy dus heelwat bome moet aanplant.

**Ander interessanthede!**

- Twee Pretoria inwoners het ’n vroliker gebruik vir die spekboom gevind deurdat hulle spekboom-jenewer gemaak het wat sopas bekend gestel is as “Porkbush Gin”. Hierdie alkoholiese drankie bevat spekboom, suurlemoen, koljander, kubuspeper en jenewerbessies.
- ’n Olifant verorber sowat 200Kg spekboom per dag.

- Ryk aan Vit C en die blaartjies kan in slaai gebruik word.
- Spekbome kan tot 200 jaar oud word.
- Dit is ’n waterwyse plant wat ideaal is vir tuine met lae onderhoud as vereiste.
- Dis droogtebestand en kan op slegs 250-350mm water per jaar oorleef.
- Dit aard goed binnenshuis, op die stoep, in die son en in skadu, in potte en as bonsai.

# Blokleiers

(vir nuusbriefverspreiding)

Die volgende blokleiers doen die nuusbriefverspreiding maandeliks net voor die einde van die maand in elke blok. Indien u nie die nuusbrief ontvang het nie, kontak asb u blokleier.

| Blok | Leier | Versprei aan huisnommers |
|---|---|---|
| 1 | Neill Brink (Vinkstr 217) | 213, 214, 216-225 |
| 2 | Cora Marais (Kwartel 204) | 199-210, 1-8 |
| 3 | Karel v Heerden (Kwikkie 196) | 9-16, 190-197 |
| 4 | Bella Barnard (Kiewiet 62) | 19-26, 42-45, 54-67 |
| 5 | Willis Parker (Hadeda 30) | 29-32, 35-38 ,46-53 |
| 6 | Servaas de Kock (Houtkapper 33) | 17-18, 27-28, 33-34, 39-41 68-69, 82-83, 97-99 |
| 7 | Derek Webber (Wipstert 145) | 70-81, 135-148 |
| 8 | Mattie Cockcroft (Uil 124) | 84-96, 122-134, 262 |
| 9 | Leo Setzkorn (Houtkapper 108) | 100-121, 263 |
| 10 | Silvia Lourens (Valk 185) | 151-166, 171-174, 184-187 |
| 12 | Charlotte du Plooy (Kwikkie 190) | 149-150, 175-176, 181-183, 188-189, 198, 211-212, 215 |
| 13 | Jackie Evers (Riethaan 228) | 226-241 |
| 14 | Denise James (Riethaan 259) | 242-261 |

**Blokleiers**
(vir nuusbriefverspreiding)

# Estate Matters

## Spoedgrens

Daar word bemerk dat die spoedgrens van 20 km per uur nog gereeld deur inwoners en besoekers binne die landgoed oorskry word. Daar word ook bemerk dat stoptekens net ge-ignoreer word, veral die vierrigtingstop by Wipstert- en Tiptolstrate.

**'n Uittreksel uit die gedragsreëls word weer hieronder aangehaal:**

"Voertuie mag nie op die gemeenskaplike eiendom bestuur word as die geskatte spoed daarvan 20 km per uur oorskry nie. Hierdie spoedbeperking sal streng toegepas word om gevaar vir eienaars of inwoners te voorkom. Besoekers wat aanhoudend versuim om hierdie reël na te kom, kan toegang per voertuig tot die landgoed geweier word."

**Die volgende boetestelsel is tans van toepassing:**

- Eerste oortreding: skriftelike waarskuwing;
- Tweede oortreding: R500.00 boete, en
- Derde oortreding: R1 000.00 boete.

Inwoners moet asseblief toesien dat hul besoekers by die spoedgrens hou en alle verkeerstekens gehoorsaam.

U samewerking om ons landgoed veilig te hou, word waardeer.

## Speed Limit

It is noticed that the speed limit of 20 km per hour is still regularly exceeded by residents and visitors in the estate. It is also noticed that motorists just ignore stop signs, especially the four way stop at Wipstert and Tiptol Streets.

**An extract from the conduct rules reads as follows:**

"Vehicles may not travel at speeds in excess of 20 km per hour on any part of the common property areas. This speed limit has to be strictly enforced to prevent danger to owners or occupiers. Visitors who persist in breaking this rule may be refused entrance by vehicle."

**The following fine system is currently applicable:**

- First transgression: warning letter;
- Second transgression: R500.00 fine; and
- Third transgression: R1 000.00 fine.

Residents must please ensure that their visitors adhere to the speed limit and obey all traffic signs.

Your co-operation to keep our estate safe, is appreciated.



# Aftrede: Te laat begin spaar?

As jy afgetree het, of moes aftree, hoe kan jy aanhou geld verdien of jou geld langer laat hou?

☐ Maak alternatiewe inkomsteplanne. Hoe kan jou vaardighede gebruik word vir deeltydse werk as vryskut of konsultant. Deur aan te hou geld verdien, hoef jy nie dadelik van jou neseier te begin leef nie, en jy kan ook daardie neseier vergroot.

☐ Pas jou lewenstyl aan deur jou maandelikse besteding te verlaag. Skaal af op luukshede. Moenie meer sulke duur kersgeskenke of verjaardaggeskenke koop nie.

☐ Moenie met jou neseier ’n nuwe besigheid begin nie. Dit is te riskant in vandag se ekonomiese klimaat.

☐ Maak gebruik van pensioenaris-afslag wat op verskeie plekke aangebied word.

☐ Kry ’n goedkoper motor en belê die geld wat jy op motorpaaiemente bespaar.

☐ Koop ’n kleiner en goedkoper woonplek. Die heffing wat betaal moet word vir groot woonplekke in aftree-oorde kan baie hoog word. Indien jy huur en die huurpaaiement te hoog word, kry goedkoper woonplek.

☐ Kry goeie en professionele finansiële raad vir beleggings– nie jou buurman of hengelmaat se geldraad nie.

☐ Indien jy nog werk, moenie skei nie. Ingevolge die wet is die gewese man of vrou wat nie lid is van ’n pensioenfonds nie, geregtig op ’n deel van die lid se aftreegeld. Die deel word deur die egskeidingsbevel bepaal.

☐ Vermy “vinnig-rykword-skemas”. Mense wat reeds afgetree het, of na aan aftrede is, is sagte teikens vir skelms wat sogenaamde Ponzi-skemas bedryf.

☐ Pas jou geld op!




- GEHOORTOETSE EN ADVIES
- BATTERYE TEEN KOSPRYS
- VERSKAF, INSTEL EN DIENS VAN APPARATE.

yolandévdwesthuizen Audiologists



*Ongelooflike mense met liefdevolle omgee-harte. So baie geduld met mense. Jy kry deesdae geen praktyke wat dit steeds doen vir die liefde en passie vir mense nie. Maar Yolandé en haar span doen dit beslis. Baie dankie.*

*- Sandra Schwartz*

unitron. HANSATON Beltone oticon PEOPLE FIRST PHONAK life is on Starkey signia bernafon Cochlear SIEMENS WIDEX

**'N VRIENDELIK SPAN IS GEREED OM U BY TE STAAN! 012 653 3830**


Adres: 2 Reddersburg Straat, Wierdapark 0157 | E-pos: centurion@yvdwaudiology.co.za



**Is House Hunting Making Your Retirement Depressing?**

**We've got all your Trustworthy Prpoerty Solutions.**

**BUY SELL RENT LET**



# Eldoraigne Retirement Estate

| FOR SALE - Contact Ruan | TO LET - Contact Marinda |
|---|---|
| 2 Bed 1 Bath House. Single Garage. **R1 790 000** | 2 Bed 1 Bath 1st Floor Apartment. Balcony. 1 Carport. - **R7 782pm** |
| 2 Bed 2 Bath House. 1 Storeroom. Single Garage. **R1 900 000** | 3 Bed 2 Bath Simplex. Double Garage **R11 340pm** |
| | 3 Bed 2 Bath Simplex. Study. Double Garage - **R13 000pm** |



**Ruan 071 481 6199**

**Marinda 083 268 2880**



CSi Sales Rentals Property Management Trustworthy Property Solutions

**CSi Rentals Office**
**087 094 0078 EXT #3**
**www.csi-euf.co.za**

CSi Sales Rentals Property Management Trustworthy Property Solutions